1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 2 – 20 JANUARIE 2015

Geagte ouers

PERSONEEL:
Me. Monique Eloff het 'n permanente pos by Laerskool Booysens aanvaar. Ons wil haar graag bedank vir haar puik diens by Danie Malan en sterkte toewens vir haar nuwe uitdaging. Ons verwelkom ook vir juffrou Charmaine Chomse wat by haar gaan oorneem. Sterkte juffrou Chomse. Ons hoop jy gaan sommer vinnig aanpas en tuis voel.

DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2015
Veranderings aangebring:

20 Januarie	**Inligtingsaand Gr. 5 Afr. 18:00 in saal**
21 Januarie	**Inligtingsaand Gr. 6 Afr. 18:00 in saal** **Junior Jolyt Oudisies Gr. 2 – 4 : 14:15**
22 Januarie	**Inligtingsaand Gr. 7 Afr. 18:00 in saal** **Atletiek Vriendskaplike byeenkoms (tuis)**
23 Januarie	**Toets leerstof uit** **0/12 EN 0/13 NETBALPROEWE VAN 13:00 – 16:00**
26 Januarie	**Oudisies koor Graad 4 – 7 : 14:15 – 15:15** **Tennis liga** **LEERLINGE BRING HUL SLIMFONE NA DIE SKOOL SODAT DIE D6 COMMUNICATOR AFGELAAI KAN WORD.**
27 Januarie	**Oudisies Malanne Deuntjies 14:15**
29 Januarie	**Atletiek: Noord van die Berg**
2 Februarie	**Tennis liga**
4 Februarie	**TOETS: ENGELS** **Waatlemoenfees 12:30** **Atletiek: Wyk by GM : Gewigstoot 10jr. seuns + dogters / Diskus + Spiesgooi seuns + dogters by H/S GM**
5 Februarie	**Atletiek: Wyk in skooltyd by H/s GM om 08:00.**
9 Februarie	**Tennisliga**
12 Februarie	**TOETS: WISKUNDE** **Atletiek Cluster (L/s DM)**
13 Februarie	**Graad 7 Sokkie** **Skaak Interhuis** **VALENTYNSDAG BY SKOOL. Leerlinge dra rooi of wit. Geen koste.**
16 Februarie	**Interne Redenaars Gr 1 – 3 18:30**
17 Februarie	**Interne Redenaars Gr 4 – 5 18:30**
18 Februarie	**Interne Redenaars Gr 6 – 7 18:30**
19 Februarie	**TOETS: AFRIKAANS**
20 Februarie	**Atletiek: Distriksbyeenkoms (tuis)**
23 Februarie	**Tennis liga**

	Leerlinge dra gewone klere op hoof se verjaarsdag.
25 Februarie	**Foto's: klasgroepe en Individuele foto's**
26 Februarie	**TOETS: NW/TEG GR. 4 – 6 EN NW GR. 7**
2 Maart	**Tennisliga**
3 Maart	**TOETS: AARDRYKSKUNDE**
4 Maart	**Rugby Bulletjies Midstream 18:00**
5 Maart	**TOETS: GESKIEDENIS**
10 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
11 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
12 Maart	**TOETS: EBW GRAAD 7** **Rugby: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
16 Maart	**Tennisliga**
19 Maart	**TOETS: TEGNOLOGIE GRAAD 7**
20 Maart	**Rapporte: Grondslagfase en Graad R**
23 Maart	**Oueraand GF 17:30** **Tennisliga**
25 Maart	**SKOOL SLUIT 11:00** **MARKDAG GR 5** **Leerlinge betaal R5 vir gewone klere ten bate van die Behoeftige fonds.** **Rugbytoer na Sundown Ranch (O/12 en O/13)**

SCHOOL COMMUNICATOR:
Die D6 School communicator is beskikbaar en kan op enige rekenaar en slimfoon afgelaai word. Verkry so al die skoolinligting op u foon, rekenaar of tablet. Maandag 26 Januarie kan leerlinge hul slimfone na die skool bring. Ons gaan gedurende saalperiode die leerlinge help om die communicator op hul fone af te laai. Die selfone kan daarna in die personeel se klaskamerkluise geberg word tot aan die einde van die dag.

OUERINLIGTINGSAANDE – 2015:
Ons skep deur die Inligtingsaande vir u die geleentheid om op hoogte te kom wat u in 2015 te wagte kan wees rondom u kind se AKADEMIE. Ons doen dus 'n beroep op u, om hierdie geleentheid te benut, en asseblief by te woon. Vir die doel het ons die volgende Inligtingsaande geskeduleer.

Dinsdag: 20 Januarie
Gr. 5 Afrikaanse klasse in saal: 18:00
Woensdag: 21 Januarie
Gr. 6 Afrikaanse klasse in saal: 18:00
Donderdag: 22 Januarie
Gr. 7 Afrikaanse klasse in saal: 18:00

ATLETIEK HUISSPORT: VICTOR EN VICTRIX LODORUM:
Baie geluk aan die volgende atlete wat puik gevaar het by die Huissport verlede Vrydag.

L. Bangue Bangue Elombo : Junior Victrix Lodorum
Sam Schoeman : Junior Victor Lodorum
Rozelle Hattingh : Senior Victrix Lodorum
Jorin Bangue Bangue Elombo : Senior Victor Lodorum

Baie geluk aan ons Rooibokke wat die Huissport gewen het.

GEESVANG - WAATLEMOENFEES:
Ons gaan **Woensdag, 4 Februarie** geesvang voor die Wyksbyeenkoms. Ons gaan aan die einde van die dag na tweede pouse na die pawiljoene beweeg. Daar gaan ons die atlete vir die Wyk aan die skool bekend stel. Die sangers gaan dan ons kreet vir hulle sing. Daarna gaan daar 'n waatlemoen-fees wees. Ons gaan die leerlinge die geleentheid bied om **gewone klere aan te trek teen R10 en dit sluit 'n stuk waatlemoen in**.
Slegs **Graad 4-7** leerlinge wie se ouers toestemming verleen, mag egter aan die waatlemoen-smeer-fees deelneem. Ons **Graad 1-3** leerlinge gaan wel waatlemoen kry om te eet, maar hulle gaan net toeskouers van die fees wees. Elke leerling wat toestemming het ontvang 'n stuk waatlemoen waarmee hulle enigeen op die atletiekbaan mag smeer. Indien u nie u kind aan die fees wil laat deelneem nie, moet u egter steeds **R5** betaal as u kind gewone klere wil aantrek. ***Indien 'n leerling 'n ekstra stuk waatlemoen wil hê, kan hul dit teen R5 'n stuk koop op die rugbyveld. Belangrik: Die ekstra stukke waatlemoen kan nie vooraf gekoop word nie.*** Die gelde gaan gebruik word om waatlemoene aan te koop, en die **wins gaan na die Graad 7 fonds.** Die skool kom normaalweg om 14:00 uit.

WYKSBYEENKOMS - 5 FEBRUARIE: TOESKOUERS:
Die Gr 1-3 wat nie atlete is nie, gaan 5 Februarie nie saam na die Wyksbyeenkoms nie. Die Graad 1-3 leerlinge gaan normaalweg na die skool kom in hul Vrydagdrag met hul skooltasse. Die **Graad 4-7 leerlinge wat nie atlete is nie, moet nie later as 07:25 by die skool wees, netjies geklee in hul skooldrag.** Ons sal met busse vanaf die skool vertrek na

---

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 2/2015

Ek, _____ouer of voog van _____ in Gr. _____/_____ neem kennis van Omsendskrywe 2 van 2015.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 2 – 20 JANUARIE 2015

Hoërskool Gerrit Maritz en weer om 13:30 terug wees by die skool. **Die Gr 4-7 leerlinge moet asseblief R5 vir busvervoer betaal.** Voltooi asseblief die afskeurstrokie, aangesien leerlinge slegs op die bus toegelaat sal word, indien hul 'n toestemmingsbrief het. **Toeskouers** dra Vrydagdrag. Geen tasse is nodig vir toeskouers nie. Leerlinge kan wel 'n klein sak saamneem, om hul beursies en of kosblikke in te bêre. Daar sal 'n R5 hektoegang gevra word vir volwassenes en sluit 'n program in. **INDIEN DIT REëN SKUIF DIE WYKSBYEENKOMS. ONS SAL U PER SMS LAAT WEET INDIEN NODIG. 4 FEBRUARIE SAL 'N NORMALE SKOOLDAG WEES INDIEN DIT REëN.**

VALENTYNSDAG:
Vrydag 13 Februarie mag die leerlinge enige rooi of wit betaamlike klere aantrek. Daar is geen koste daaraan verbonde. Die leerlinge bring steeds hul tasse en dit gaan 'n normale skooldag wees.

GEDENKMUUR:
Die leerlinge in Graad 7, kan R140 kan betaal om hul naam op die **Gedenkmuur** aan te bring. Leerlinge wat op rade dien, se betrokke raad sal ook daarop aangedui word. Die Graad 7's van 2015 se gedenksteen, met hul name op gegraveer sal met die Graad 7 afskeids-erediens onthul word. Dankie vir u samewerking en ondersteuning. Sluitingsdatum is einde Augustus 2015.

PUNTDIENSBEAMPTES:
Ons wil van hierdie jaar af persone aanstel om puntdiens te doen by die drie kruisings om die skool.
Punt 1: By oorgang oorkant die saal in Jan van Riebeeckstraat
Punt 2: By oorgang oorkant die Sporthek in Jan van Riebeeckstraat
Punt 3: By oorgang in Koos de La Reystraat
Die tye is soos volg:
Sessie 1 Oggende: Van 06:30 – 08:15 (1 uur 45 minute)
Sessie 2 Middae: 13:15 – 14:30 (1 uur 15 minute)
Die skool kan R25 per sessie betaal.
Die puntdiensbeamptes moet kinders help om veilig oor die straat te loop. Ons het reeds twee persone en kort nog 'n derde persoon.

MIDDELAFSTANDE AFRIGTING:
Daar is gratis middelafstandoefening by Hoërskool Akasia van 16:45 – 17:30 van Maandae tot Donderdae.

NETBALPROEWE:
O/12 en O/13 Netbal proewe vind plaas op Vrydag 23 Januarie direk na skool om tot 16:00. Indien die skool om 13:00 verdaag kan ons moontlik vroeër klaar wees.

KOOROUDSIE:
Alle Gr. 4 – 7 leerders wat sou belangstel om in die koor te sing, moet Maandag 26 Januarie in die saal bymekaar kom. Dit sal plaasvind van 14:15 – 15:15. * Leerders wat reeds in 2014 in die koor was hoef nie weer vir oudisie te kom nie.

MY SCHOOL EN MAKRO:
Ons herinner u daaraan om u "My school" kaart te gebruik. Elke keer wat u aankope met die kaart doen ontvang die skool 'n gedeelte van u aankope. Maak ook seker dat u Makro kaart gekoppel is aan Danie Malan. Ons verdien baie geld, net omdat u as Danie Malan ouer by Makro aankope doen. Ons het van Junie – Desember 2014 R30 000 verdien. Baie dankie aan elke ouer wat die projek ondersteun het!

"BEE" of SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING "SEB":
Indien daar ouers is wat betrokke is by Swart Bemagtiging akkreditasie, of ouers wat BEE bydraes moet maak om geakkrediteer te word, kan u vir Adel Jordaan skakel. Sy kan aan u verduidelik hoe die skool daaruit kan voordeel trek. Vir meer inligting skakel Adel by 0727808360.

HERWINNING:
Ons herwin papier. Indien u tydskrifte of boeke het kan u dit in ons Mondi-drom kom gooi in Koos de La Reystraat. U kan ook gebruikte wit papier wat geen krammetjies in het nie kantoor toe stuur. Ons aanvaar ongelukkig nie meer ander herwinbare materiaal soos koeldrankbottels nie.

MERIETEFUNKSIE 2015:
Neem asb. kennis dat 2015 se Merietefunksie ***na*** **November** plaasvind, sodat ons die eksamen in berekening bring by die toekennings. Tref dus u **Desember vakansie** vir **na 9 Desember 2015**.

HANDBOEKE 2014:
Leerders wat nie handboeke in 2014 ingehandig het nie, kan volgens Departementele vereistes nie handboeke in 2015 ontvang nie. Bring asb. handboeke dringend skool toe of bewys van betaling van R200 vir verlore en R100 vir beskadigde boeke.

CANVAS SAKKIES VIR LEERDERS SE SKRIFTE EN CANVAS SAKKIES VIR HANDBOEKE:
Die leerders het handboeke aan die begin van die jaar ontvang. Ons wil graag hierdie handboeke vir nog 5 jaar gebruik. Om u kind se skrifte en handboeke te beskerm bestel by ons Canvas zip sakkies beskikbaar @ R160 vir 6. Of u kan een sakkie bestel vir R30.00.Die fondse wat ingesamel word gaan vir die skool. Ons wil asb. alle ouers aanmoedig om die handboeke in die sakkies in u kind se tas te los, aangesien u vir die handboeke gaan betaal indien dit beskadig is. Indien u belangstel kan u by Mev. Erica van Wyk by die skool bestel en betaal of kontak haar by 084 608 7099.

OUDLEERDERS PRESTEER:
Die volgende leerders het met die matriekuitslae verskeie onderskeidings behaal:

Johan Potgieter (Hoofseun 2009)	: 8 onderskeidings
Claudia van Dyk (Hoofdogter 2009)	: 8 onderskeidings
Brendan Kriel	: 7 onderskeidings
Marizaan Claassen	: 6 onderskeidings
Wilmari Muller, Marike Fourie, Franco Lubbe en Nicoli Roelofse	: 5 onderskeidings
Tiaan van der Merwe en Melandri van Rensburg	: 3 onderskeidings

Baie geluk aan hierdie leerders. Danie Malan is baie trots op julle Indien u weet van nog Danie Malanners wat presteer het, kan u ons gerus daaroor inlig.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 2 – 20 JANUARIE 2015

BEHOEFTIGE LEERDERS:

Indien u kind aan buitemuurse aktiwiteite wil deelneem en u nie die klere kan bekostig nie, skryf 'n brief aan die BL en rig 'n versoek dat dit uit die behoeftige fonds betaal word. Briewe moet by die hoof ingehandig word. Ons wil geen kinders die reg ontneem om aan iets deel te neem nie.

TABLETTE EN SELFONE:

Ons wil graag die gebruik van privaat selfone/tablette by die skool ontmoedig. Alhoewel tegnologie tot ons voordeel strek, is hierdie tipe tegnologie 'n teelaarde vir ongure dinge, veral tydens skoolure waar hierdie gebruik nie nodig is nie. Ons gaan dus hierdie jaar strenger optree ten opsigte daarvan. Ons het egter u as ouer se samewerking nodig om onnodige gebruik en die verspreiding van ongewenste materiaal, te stop. Wees asseblief verseker dat die Opvoeders gedurigdeur waaksaam is, maar dat ons nie altyd 'n wakende oog oor almal kan hou nie. Ons moedig u as ouer aan om gereeld u kind se selfoon/tablet na te gaan. U word verder aangemoedig om die Toepassing, tans beskikbaar vir Android op Google se "Play Store" te gaan aflaai en te toets. Die Toepassing bied 'n geleentheid vir ouers om tydens skoolure en selfs tuis, u kind/ers se beheer en toegang te beperk tot wat u as ouer bereid is om toe te laat. Om die Toepassing af te laai, gaan na u Google "Play Store" en tik in die soekenjin "Screen Time Remote". Die Toepassing is tans gratis vir 'n 14 dae toetsperiode.

Groete

Mev. Hettie Smith
Skoolhoof

ADVERTENSIES

VOORBEELD VAN PLAKKERS OM SKRYFBEHOEFTES TE MERK.

AYLA HANEKOM

(R50 VIR 200)
GEDOEN BY:

FLORAN FOTO
012 546 6959

VOORTREKKERS

Graag wil ons die volgende datums aan u deurgee:

Spanbyeenkomste:

Arbeidsvreugde Kommando - Maandae - 5-6 by Laerskool Theresapark

Kaptein Jack Hindon Kommando - Maandae - 5-6 by Laerskool Voortrekker Eeufees.

Albei se eerste byeenkoms is eerskomende Maandag.

Waterspele:

Arbeidsvreugde kommando - Saterdag 17 Jan - 9 uur by netbalveldhek van Laerskool Theresapark

Jack Hindon kommando - Maandag 26 Jan - 5-6 uur by Laerskool Voortrekker Eeufees.

Kontakpersone:

Arbeidsvreugde - Liesl van Deventer - 082 899 7254
Jack Hindon - Elzette de Lange - 083 307 6261

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 2 – 20 JANUARIE 2015

Die **ENIGSTE** aktiwiteit

wat u kind lewenslank benut

Lewens- en kommunikasievaardighede dmv Kreatiewe Drama

SUKSES= kommunikasie= goeie verhoudings

Ontspanning Verbalisering Artikulasie Selfvertroue

Optrede voor mense KREATIEWE DENKE Mimiek

Albert Einstein: **"Imagination is more powerful than knowledge."**

Wat doen Kreatiewe Drama vir u kind?

Hy kan opstaan en voor die klas **praat**; leer om op sy voete te dink; sy gedagtes duidelik in **woorde** om te sit; hy kan standpunt inneem; **luistervaardighede** verbeter; **groepsosialisering** versterk; liggaamstaal ontwikkel wat verstaanbare **kommunikasie** bevorder; stress kan beter hanteer word; **genot** in die uitlewing van fantasie.

Klasse word in die saal by die skool aangebied. Loraine is ten volle gekwalifiseerd en wyd bekend in die noorde o.a. ook Lid van Drama kollege SA (vroeër SA Drama Gilde) en Voorsitter van Raad van Afrikaanse Beoordelaars.

Klas tye: **Woensdae** Gr 1-4 15h45-16h30, Gr 5-7: 16h30-17h30

Koste per kwartaal: Gr 1-4: R850, Gr 5-7 R950.

Klasse vir 2015 begin Woensdag 28 Januarie.

Kontak my asb vir verdere inligting: Loraine Prinsloo 082 313 5091 of 012 567 3871

Swemskool Pretoria Noord

Ons leer jou swem

Verhitte swembad
Klein klasse
Beginner tot gevorderd

Swemstyle:
Vryslag
Borsslag
Rugslag
Vlinderslag

Kontak: Marianda 082 551 5806

SSA & PBSTA accredited